Verwysing: 20170203-7986
12/2/10/3
Navrae: J Pheiffer

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0004/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), VKO-bestuurders en Prinsipale van VKO-sentrums

Onderwerp: WKOD se Jaarlikse Opname vir openbare en onafhanklike vroeëkindontwikkeling- (VKO-) sentrums vir 2017

1. Die WKOD se Jaarlikse Opname vir vroeëkindontwikkeling- (VKO-) sentrums sal op **07 Maart 2017** plaasvind. Die opname sal op **22 Februarie 2017** lewendig op SOBIS wees. Daar sal van prinsipale verlang word om oor die akkuraatheid van leerlingdata op SOBIS af te teken. Maak asseblief seker dat die volgende teen **07 Maart 2017** korrek op SOBIS weergegee word:

1.1 Leerders is in die korrekte grade, klasse en taal-van-leer-en-onderrig- (TLO-) kategorie.
1.2 Leerderhuistale is nagegaan en bygewerk.
1.3 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
1.4 Skoolregstellings is voltooi – waar nodig.
1.5 Die algemene inligtingvasleggingskerms en vrae oor skoolveiligheid is voltooi.
1.6 'n ID-nommer is 'n vereiste vir leerderregistrasie.

2. Die Jaarlikse Opname vereis ook dat VKO-sentrums opvoeder-/praktisyninligting bywerk en vasleggingskerms voltooi. Hierdie taak moet teen nie later nie as **07 Maart 2017** afgeteken word om die volgende te verseker:

2.1 Opvoerder-/praktisyninligting ten opsigte van jare ervaring en die grade en vakke wat slegs in 2017 onderrig is, is bygewerk (verwyder grade en vakke wat in vorige jare onderrig is indien dit nie op die opvoeder/praktisyn se 2017-werklading van toepassing is nie).
2.2 Alle vasleggingskerms is voltooi en voorafingevulde skerms is bygewerk, bv. skoolgeld en infrastruktuurtabelle.
2.3 Inligting word vroegtydig afgeteken om VKO-bestuurders genoeg tyd te gee om dit deur te lees, te verifieer en af te teken.

3. As die institusionele OBIS-amptenaar, moet die prinsipaal die dataprosesse bestuur om te verseker dat die verifikasiebewys en handtekeninge van personeel, wat gedelegeer is om die data te kontroleer, op ouditeursversoek getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se OBIS-databesigheidsproses aangeteken word om aanspreeklikheid te verseker vir die akkuraatheid van die data. Vir verdere inligting, verwys asseblief na Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0003/2012.

4. 'n Nasionale Identiteitsnommer (ID) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, asook om die vaslegging van die ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Lig asseblief die ouers in oor die proses om vir 'n ID-nommer via die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen indien die leerder nie oor 'n geldige ID-nommer beskik nie. Prinsipale word versoek om, waar moontlik, ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

5. Navrae of versoeke om bystand kan aan die VKO-bestuurder of tegnieseondersteuningspersoon vir die toepaslike distrik gerig word:

DISTRIK	KONTAKPERSOON	POSBENAMING	TELEFOONNR.
Kaapse Wynland	Madelein Siddle	VKO-bestuurder	023 348 4608
	Hazel van Rooyen	Tegniese Ondersteuning	023 348 0646
Eden en Sentrale Karoo	Lucretia Roux	VKO-bestuurder	044 803 8314
	Clementine Hartnic	Tegniese Ondersteuning	044 803 8300
Metro-Sentraal	Vakant	VKO-bestuurder	021 514 6929
	Kyle Williams	Tegniese Ondersteuning	021 514 6946
Metro-Oos	Michele Liedeman	VKO-bestuurder	021 900 7221
	Linda Ntlombeni	Tegniese Ondersteuning	021 900 7222
Metro-Noord	Zaida Davids	VKO-bestuurder	021 938 3013
	Neil Anthony	Tegniese Ondersteuning	021 938 3013
Metro-Suid	Carmen Niekerk	VKO-bestuurder	021 370 2004
	Charnique Neethling	Tegniese Ondersteuning	021 370 2004
Overberg	Lynn le Grange	VKO-bestuurder	028 214 7378
	Molene Jantjies	Tegniese Ondersteuning	028 214 7360
Weskus	Sally Meyer	VKO-bestuurder	021 860 1202
	Lorenzo Veroni	Tegniese Ondersteuning	021 860 1202

6. Die samewerking van alle betrokkenes word waardeer.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-02-16